DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

#LEIPIES_JYMAAKSAAK

# Leipie NUUSBRIEF!

## 16 FEBRUARIE 2024

## BELANGRIKE DATUMS

**(nuutste aangepaste datums)**

**17 Februarie:** Atletiek Top 20 UJ
**19 Februarie:** Gr 4-7 Wiskunde Olimpiade
**20 Februarie:** Jnr Kooroudisies **(SLEGS NUWE LEERDERS)**
Jnr Kooroefening 13:45-14:30
**21 Februarie:** Mini-Netbaloefening begin (alle spanne)
**22 Februarie:** Atletiek Distrikskampioenskappe H/s Zwartkop
**23 Februarie:** Netbal Best of the West o/12, o/13 A & B spanne Krugersdorp
**24 Februarie:** Netbal Best of the West o/12, o/13 A & B spanne Krugersdorp
Tennisrondomtalie Seuns (nie o/11)
**25 Februarie:** Leier-kerkdiens Doxa Deo Lyttelton

***BEHEERLIGGAAM VERKIESING:***

Let asb daarop dat die Beheerliggaam verkiesing skuif vanaf 6 Maart 2024 na 4 Maart 2024 agv H/s Centurion se Beheerliggaam verkiesing wat op 6 Maart 2024 plaasvind.

***FINANSIES:***

**10% korting** vir skoolgeld wat teen **29 Februarie 2024** ten volle vereffen word. Ons versoek dat ouers asb die korrekte familiekode/verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die **korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za, debiteure@louisleipoldt.co.za**

***BEMARKING:***

Me Sarie v/d Merwe hanteer alle bemarking. Kontak haar gerus per epos: sarie.3v@louisleipoldt.co.za

***GEDAGTE VIR DIE WEEK:***

**Ons vind rus by hulle vir wie ons lief is,**
**en ons voorsien 'n rusplek vir hulle wat ons liefhet.**

***Bernard de Clairvaux***

## PERSONEEL VERJAARSDAE

**19 - 25 FEBRUARIE 2024**

Me Nadine Buitendag (25 Februarie)
Me Chanelle Rall (21 Februarie)

## LEERDER VERJAARSDAE

**19 - 25 FEBRUARIE 2024**

Labuschagne Zoe, Spiers Falcon, Van Der Westhuizen Kayleigh, Delport Kiara, Geldenhuys Wian, Stassen Anina, Steyn AJ, Struwig Annè, Botha Miané, Kruger Riekie, Raath Daniël, Van Den Heever Leah, Van Niekerk Dewald, Nel Jurgens, Van Oudtshoorn Marizé, Ackermann Dyllan, Greyling Nicci, Kleynhans Brandt, Schoeman Hendro, Steinmann Rainier, Walkinshaw Aiden, Wessels Cara, De Villiers Tristan, Jansen Sasha-Leigh, Snyman Anro.

***FACEBOOKBLAD:***

Ons skool het 'n splinternuwe Facebookblad. Sien asb skakel aangeheg op D6. Gaan volg ons asb of Facebook vir opwindende nuus en gebeure.

***POUSE TYE:***

**Gr RR-R:** 1ste pouse = 9:35-10:10,
2de pouse = 11:50-12:15
**Gr 1-7:** 1ste pouse = 9:35-9:55
2de pouse = 11:55-12:10
**Dae waarop daar 'n toetsperiode is (Gr 1-7):**
1ste pouse = 9:45-10:05
2de pouse = 11:45-12:00

# Leipie NUUSBRIEF 2

***ATLETIEK:*** Baie geluk aan die atlete met mooi prestasies tydens die Clusterbyeenkoms:
Nico v/d Poll 2de hoogspring, Anje Fowler 2de 1200m, Lunise Pretorius 2de spiesgooi, Renske Roux 1ste spiesgooi, Wessel Fourie 2de 150m hekkies, Eduan Jacobs 2de spiesgooi, JC v/d Bijl 2de 1200m, Chanene Barnard 1ste 1500m, 1ste 800m, Lee-Hané Mienie 2de 1500m, Kara Holtzhausen 2de spiesgooi, Tyler v Rooyen 1ste 75m hekkies, 2de 200m hekkies, Max v Vuuren 2de diskus. Hierdie atlete gaan deelneem aan die Distrikskampioenskappe.
***HOKKIE:*** Dean Plews, Nicolas Coetzee en Genna Claassen het deurgedring tot die finale rondte van die Northerns Hokkie proewe.

***LEERDER PRESTASIES:***
Enige prestasies deur leerders kan aan die volgende personeel gestuur word:
Gr 4-7 leerders (sport) na Me Marlené Nel: **sport@louisleipoldt.co.za**
Gr 4-7 leerders (kultuur) na Me Madeleine Strydom: **madeleinestrydom@louisleipoldt.co.za**
Gr RR-1 leerders na Me Angelique Coetzee: **dpg@louisleipoldt.co.za**
Gr 2-3 leerders na Me Anine v Aswegen: **anine.sagtebal@louisleipoldt.co.za**

***LAATKOMMERS:***
Registerperiode vanaf 7:30-7:40. Leerders **MOET** aanwesig wees tydens registerperiode, anders word hy/sy afwesig gemerk. Leerders wat laat kom, **MOET DEUR OUER/VOOG BY DIE KANTOOR INGETEKEN WORD. GEEN LEERDER MAG NET BY DIE HEK AFGELAAI WORD NIE.** Leerder ontvang 'n briefie wat aan onderwyser/es getoon moet word. Indien 'n leerder vanweë geldige redes laat kom bv. doktersafspraak moet die leerder steeds na die kantoor vergesel en ingeteken word, asook redes vir laat inteken verskaf.

***DIE LEIPIE SKATKIS:***
Die Leipie Skatkis (tweedehandse skoolklere) is **Dinsdae** vanaf **13:45-14:15** en **Woensdae** vanaf **13:45-14:45** oop.

***D6 KOMMUNIKEERDER:***
Ouers asb op die D6 kommunikeerder registreer. Volg asb die skakel wat aan elke ouer per sms/e-pos gestuur word. Volg asb die stappe om te registreer. Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie.
**NB!** Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/e-pos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/e-posse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus **GEEN** verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie. Alle inligting ivm akademie, aktiwiteite, byeenkomste, afrigting word op D6 geplaas. **Lees asb gereeld die D6 boodskappe sodat u op hoogte is met die akademie en skoolaangeleenthede.** D6 se korrespondensie gaan nie meer op die **WhatsApp-groepe herhaal word nie. Maak asb seker dat u op D6 geregistreer is.**
***STACK TEAMAPP (nie TEAMS nie)*** is die sport kommunikasie platform vir inligting en busbriewe **nadat spanne gefinaliseer is.** Algemene inligting word op D6 geplaas.

***PARKERING VOOR HEKKE:***
Ons versoek ouers om nie voor die toegangshekke te parkeer indien u leerders op-/aflaai nie. Personeel kan nie by hekke in of uit beweeg nie, en ander verkeer word ook ontwrig. Gebruik asb slegs die gemerkte parkerings.

***NUUSBRIEF:***
Onthou asb om na **www.louisleipoldt.co.za** te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.